



Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

'n God wat die onmoontlike kan doen

Eksodus 5-15

Baiekeer voel ons vasgeloop en hooploos. En dan is daar nog persone en dinge wat vierkantig in ons pad staan. Dit lyk onmoontlik vir ons dat enigiets kan verander. Dit is soos wat die Israeliete in Egipte gevoel het. Hulle was slawe en die magtige farao het hulle lewens beheer. Hy het selfs met die Here gespot. Dit het heeltemal onmoontlik gelyk dat hierdie magtige farao sou instem om hulle te laat trek na die land Israel. Maar God is die God wat die onmoontlike kan doen. Hy gebruik mense soos Moses en Aäron. Hy gebruik sy skepping – van die tien plae tot die oopkloof van die see.

As Christene glo ons in God wat die onmoontlike kan doen. Ons glo dat God die onmoontlike gedoen het deur Jesus Christus uit die dood te laat opstaan. Ons glo dat God die onmoontlike kan doen deur 'n geharde sondaar tot bekering te roep. Ons glo dat God die onmoontlike kan doen deur ons vir ewig te laat lewe. Ons glo dat God die onmoontlike doen deur selfsugtige mense te lei tot 'n lewe van diens aan God en ons medemens. Ons glo dat God die onmoontlike kan doen deur mense vry te maak op alle lewensterreine.



Sondag 28 Julie

'n God wat die onmoonlike kan doen
Eksodus 5 - 15

| | |
|-------------------------|-----------------|
| 08:00 Meditatief | Hannes Theron |
| 08:30 Klassiek (doop) | Danie Möller |
| 10:00 Meditatief | Hannes Theron |
| 10:00 Informeel | Danie O'Kennedy |
| 10:00 Jeugaktiwiteit | |
| 09:00 Hoop GG | Fourie Rossouw |
| 10:00 HB Village | Danie Möller |
| 10:30 Internas Studente | Die Khaya |
| 18:00 Tienerkerk | |
| 19:00 Aandkerk | Danie O'Kennedy |

Deurkollekte: Phambili



Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Lizette van der Walt - kanker
Hanri Botha se ma - ernstig siek
Paul Barnard - knie-operasie

Rou:

Met Jan du Toit wat oorlede is, dink ons aan Louma en die familie.

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

Sondag 4 Augustus

God kom met 'n plan
Eksodus 3:1 - 4:18

| | |
|-------------------------|-----------------|
| 08:00 Meditatief | Werner Schultz |
| 08:30 Klassiek | Breda Ludik |
| 10:00 Meditatief | Werner Schultz |
| 10:00 Informeel (doop) | Danie O'Kennedy |
| 10:00 Jeugaktiwiteit | |
| 09:00 Hoop GG | Danie Möller |
| 10:00 HB Village | Breda Ludik |
| 10:30 Internas Studente | Die Khaya |
| 18:00 Tienerkerk | |
| 19:00 Aandkerk | Danie O'Kennedy |



WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - Y7DsLdxr

Dagboek:

Dinsdag 30 Julie

06:00 Kom bid saam

19:00 Kerkraadsvergadering - Kapel

Donderdag 1 Augustus

08:45 Bybelstudie - Kapel

17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Sondag 11 Augustus

Belydenisaflegging

Klassieke Klanke om 15:00

Saterdag 17 Augustus

18:30 Kuier saam met 'n Thai-ete -
Phuket Kinderprojek

Kerkraadsvergadering

Die volgende vergadering is op 30 Julie om 19:00-20:30 in die Kapel. Daar is uiters belangrike sake op die agenda en as jy graag die vergadering of 'n gedeelte van die vergadering wil bywoon, is jy baie, baie welkom.



Breda Ludik

Soos baie van julle reeds verneem het, is Breda Ludik, gekeur, eintlik beroep na die Presbyterian Church in Scotland om daar in die bediening betrokke te wees na sy aftrede. Hy wag nog om te hoor presies waar hulle hom geplaas het en indien alles volgens plan verloop, sal hy moontlik teen Oktober 2019 sy bediening, sedert 1987, hier na baie jare beëindig. Ons dink aan en bid vir hom en Francé in hierdie tyd, heroriëntering en die proses van afskeid neem.

Die ouerpaar doop op 28 Julie

Klassieke diens

Johannes en Aretha Els met Amelie



Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Johannes en Aretha Els met hul seun Frederick - Somerset-Wes
Ruan Koegelenberg - Cradock
Werner en Nicolene Roux met hul kinders Anja en Nicola - Strand-Noord
Christoff en Amelia Schreuder met hul kinders Fridu en Delmey - Welgelegen
Rozanne van Wyk - Walvisbaai

Alle nuwe lidmate is vandag uitgenooi na die Nuwe lidmaatkuier na die oggenddienste in die Tent.

Warm Welkom

Dankie, dankie Here vir goeie reëns wat wyd geval het, vir koue en vir sneeu. Soos ons die sonskyn nodig het, so het ons ook die reën, koue en sneeu baie, baie nodig. Ons is geseën. Ons bly bid vir baie streke, veral in die Noord-Kaap en Karoo waar hulle seker die ergste droogte in baie jare beleef.

Ervare kleuterskoolonderwyseres benodig

3 maande in Phuket

Die Phuket Kinderprojek van Helderberg Uitreik benodig 'n ervare, opgeleide kleuterskoolonderwyseres om personeel by die Asia Center Foundation op te lei. Die termyn is 3 maande.



Vereistes is soos volg:

- Formele kleuterskool opleiding.
- Erfare onderwyseres wat gemaklik kruiskultureel kan werk met kinders uit moeilik omstandighede.
- Gemaklik om opleiding in Engels te doen met 'n tolk na Thai.
- Opleiding in klaskamerbeheer, dissipline, les-beplanning, identifisering van leerprobleme, ens.
- 'n Warm, uitgaande persoonlikheid en belangstelling om ander op te lei en te ontwikkel.
- Oor bestuurservaring beskik en goed kan beplan.
- Die Asia Center Foundation is gebou op Christelike waardes en dit is dus vir hulle belangrik dat die persoon 'n Christen sal wees.

Belangstellendes kan asb teen **10 Augustus** hulle verkorte CV met verwysings stuur aan Louise Theron by louise@nghelder.co.za en beskikbaar wees vir gesprekke met die Direkteur van Asia Center Foundation, Roelien Muller die middag van 15 Augustus 2019. Navrae by louise@nghelder.co.za Lees meer oor die werk van die Foundation by <https://www.asiacenterfoundation.org/>



Helderberg Beradingsentrum

Omgeebesoeke en gebedslys

Ons het 'n span vrywilligers wat graag uitreik na ons medemens wat deur moeilike tye gaan emosioneel, hetsy agv siektetoestande, operasies of rou.

As jy weet van iemand wat kan baat vind by 'n oproep of besoek, asb laat weet ons by berading@nghelder.co.za of skakel vir Meagin by die kerkkantoor.

Jy kan ook betrokke raak by ons besoekspan, kontak Meagin vir meer daaroor.



Pêrel Projek soek hulp met aansoek doen van ID's

In die Croydon/Faure gemeenskap is baie mense wat nie 'n ID het nie. Wie sal een halwe dag per maand vir 3 of 4 mense kan help met hulle aansoek by Buitelandse Sake? Sommige van die mense is ongeletterd en kan net Afrikaans praat en gaan ongelukkig nie op hul eie regkom by Binnelandse Sake nie. As jy kan help of navrae het, kontak vir die koördineerder Frederike van Schalkwyk, 076 177 6256



Gespreksgeleentheid

in Kapel om 19h00

7 Augustus

23 Oktober

Belydenisaflegging

Sondae

11 Augustus

27 Oktober

BELYDENIS VAN

GELOOF

2 geleenthede
in 2019 oor.


Navrae kan gerig word aan Annette Botha by
fbadmin@nghelder.co.za of 021 850 6923

Die gemeente en haar finansies

Dankie vir almal wat positief gereageer het op ons versoek van verlede week; ook vir die wat met kritiek gereageer het. Dit is die Here wat met ons op pad is en dit is Hy wat ons as instrumente gebruik om tekens van sy Koninkryk op te rig.

Sommer oor na te dink: Volgens ons lidmaatskap databasis is daar 2 799 huishoudings waarvan 482 maandeliks 'n bydrae dmv dankofferkoevertjies, elektroniese oorbetalings en debietorders gee – dit is 17,22 % van die huishoudings. Hulle gee gemiddeld R1 150 per maand. Dink net wat kan gebeur as ons daardie 17,22% kan opskuif na 25% of selfs 30%. Gaan jy een van hulle wees?

Baie dankie vir elkeen van julle wat reeds elke maand 'n bydrae maak.



■ besoekpunte ■ bydraers

Kom bid saam met ons elke Dinsdag-oggend van 06:00 - 06:45 in die Tent. Ons bid vir die gemeente, ons land, kerkraad en ander sake. Jy is baie welkom om deel van die groep te wees en in afhanklikheid van die Here te leef.

Kom geniet 'n feestelike
THAI EET-ERVARING

Saterdag aand
17 Augustus @18:30



Ten bate van **#helderberg
OUTREK**
Phuket Kinderprojek

Kaartjies @ R120 pp by die kerkkantoor.

Navrae: **Eisa Rinquest**

phuketkinderprojek@gmail.com

**Klassieke
Klanke**

Bied aan

Gratis **Klassieke
Gitaar
Konsert**

Sondag
11 Augustus

Helderberg Gemeente
@15:00

Donasies welkom

 Vir meer inligting besoek:

Klassieke Klanke of



**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg NG Gemeente

021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure

Weeksdae: 08:00 - 16:00

Vrydae: 08:00 - 13:00

Sondae: 08:30 - 11:30

Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik


Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Beradingsentrum:

Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

 SnapScan

 SnapScan



PXMP14718



PXMP14718

Helderberg Gemeente

Helderberg Uitreik

Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansiëel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds



Bankbesonderhede

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*